
UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus

Gedenkuitgawe



# PROF H RUSSEL BOTMAN

† 1953–2014

Samantha Walbrugh-Parsadh se wêreld

Generous donations for Music Department


Leer gesond leef by Welwees-opedag

'n Dag op kantoor met Barbara Pool

JAAR 22#6 AUGUSTUS 2014 YEAR 22#6 AUGUST 2014
US Personeelblad SU Staff Magazine

## contents / inhoud


My Kampus: Projekleier Barbara Pool .......... 3
'Lucky, the Hero' wins awards .......... 4
Nederlandse minister open mini-sokkerveld .......... 5
Ubuntu: name and spirit of new res .......... 6
Paying tribute to Prof Russel Botman .......... 7
'n Mens vir die toekoms .......... 8
Rector served SU .......... 10
Personeel spring in op Mandela-Dag .......... 11
Generous donations for Music Department .......... 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister .......... 13
Kom na die 2014 Welwees-Opedag .......... 14
In gesprek met Samantha Walbrugh-Parsadh .......... 15
Brokkies in Beeld .......... 16



7


13


15


*Redakteur:* Wayne Muller
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY




## VAN DIE Redakteur

Op 28 Junie 2014 het die Universiteit Stellenbosch en Suid-Afrika 'n visionêre leier verloor met die afsterwe van ons rektor en visekanselier, prof H Russel Botman. Sy skielike dood was 'n skok vir almal wie sy pad gekruis het.

As 'n mens nou terugkyk, het alles so vinnig gebeur. Binne 'n week is verskeie gedenkdienste in die Kaap en Stellenbosch gehou, nog voordat 'n mens tot verhaal kon kom oor wat die implikasie van die verlies van so 'n leier is.

Intussen is 'n eredoktorsgraad postuum aan hom toegeken en studente het ná hul wintervakansie reeds 'n samekoms gehou om Botman se lewe te vier. Hierdie maand bring *Kampusnuus* ook hulde aan die man wat die US sedert 2007 as rektor gelei het.

Ons wy vier bladsye (wat jy kan uithaal en hou) aan Botman en sy nalatenskap. Prof Nico Koopman, sy jarelange vriend en kollega, skryf in 'n spesiale huldeblyk vir *Kampusnuus* oor wat Botman se nalatenskap vir die toekoms van die US inhou.

Ons vertel van Botman se loopbaanhoogtepunte, sy laaste toespraak en optrede in sy pos as rektor, en daar is ook 'n paar ander kort huldeblyke aan hom. Ons almal kan beslis iets uit sy nalatenskap leer.

In August we celebrate Women's Day, and in this issue *Kampusnuus* chats to two women who are leaders at SU: Dr Barbara Pool, Director: Projects, and Samantha Walbrugh-Parsadh, Head: International Relations at SU's Business School at the Bellville Park Campus. Read more on pages 3 and 15.

Recently, we also celebrated Mandela Day – the first since Madiba's death. As always, SU staff took 67 minutes of their time to make a contribution to the communities around them. See the photos on page 11.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus.*

*Wayne*

## KAMPUS klets

Baie dankie aan Kerryn Pedeson en haar vader wat my handsak (wat van my motor se dak afgeval het!) naby Irene-koshuise opgetel en aan die US Kampussekuriteit oorhandig het. Jy sal nie weet hoe verlig ek gevoel het toe FNB my skakel om te sê Kampussekuriteit het my sak gevind nie. Behalwe die geld en my bankkaart, was die handsak van sentimentele waarde. Ek haal my hoed af vir jou. Jy sal die vrugte van jou eerlikheid en opregtheid pluk. Met so 'n gesindheid kan jy net vorentoe. Alle voorspoed vir die toekoms. Ook baie dankie aan die US se Kampussekuriteit vir hul flinke en uitmuntende diens. – *Irene Dreyer*

As a former SU student I can proudly say that I had tea with Prof Russel Botman and he was an amazing man. He was almost a God in the eyes of first years because of his understanding, compassion and regard for every student as a beaker of hope for South Africa. – *Erick*

Baie geluk aan al die Uitgelese Professore (sien bladsy 5) met die uitnemende prestasie behaal. Ons is trots op julle! Doen so voort. – *Jackie Wiese*

So proud of the SU choir! (See page 6.) Well done to all! You deserve it! – *Janet Winckler-Oosthuyse*

May Prof Botman's soul rest in peace. He has left behind a legacy. My short study at SU was so wonderful thanks to his leadership. – *Ikwayo Ivan*

My deepest sympathy with the passing of Prof Botman. May God strengthen his wife and children. May his legacy live on and the efforts to bring about transformation be continued. – *Desmond Adams*

*Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# Barbara dryf projekte

*As Direkteur: Projekte aan die US gee dr Barbara Pool struktuur aan nuwe idees en planne wat onder meer organisasievermoëns, risikobepaling en -voorkoming en beslis kophou verg. Tog geniet sy die uitdagings waarmee sy daagliks te doen kry en bly komkommerkoel onder die druk. Deur ILSE ARENDSE*

**Ek is in Windhoek, Namibië, gebore …** My ouers was albei in die onderwys; my pa was later 'n senior lektor aan die US en my ma 'n kartograaf. Ek het BA gestudeer, met Geskiedenis en Afrikastudie as hoofvakke. Op grond van my navorsing wat ek plaaslik en oorsee gedoen het vir my meestersgraad, oor vroeë Namibiese geskiedenis, is 'n PhD aan my toegeken. Navorsing, strukturering en formulering was dus van vroeg af deel van my loopbaan. Ek het ook 'n kwalifikasie in projekbestuur aan die US Bestuurskool behaal.





**In 1996 het ek die eerste keer ….** by die US begin werk in die Departement Geskiedenis. Toe het ek 'n draai gaan maak in hoërskoolonderwys en later teruggekeer na die US, dié keer as Informasietegnologiekontrakteur. Daarvandaan het my belangstelling in projekbestuur ontwikkel. Tans bestuur ek projekte vir prof Leopoldt van Huyssteen, die US se Bedryfshoof.

**Die aard van die projekte wissel …** maar meestal speel veranderingsbestuur 'n groot rol. Die twee grootste projekte waaraan ek tans werk, is die integrasie van volhoubaarheid binne die US se kernfunksies, en die implementering van die mobiliteitsmeesterplan. Albei projekte strek oor die hele universiteit, wat dit tegelyk uitdagend én interessant maak. Die grootste uitdagings in my werk is om te onthou dat verandering tyd neem en dat almal teen verskillende tempo's deur verandering gaan.

**'n Tipiese werksdag …** pas selde netjies in tussen agtuur en vyfuur. Vir die kantoorgebonde gedeelte is daar gewoonlik heelwat vergaderings in 'n dag, met tussendeur die hantering van e-posse en oproepe. Navorsing, beplanning en skryfwerk geskied meestal ná kantoorure, wanneer dit stiller en daar minder onderbrekings is. Elke projek en die mense wat daarby betrokke is, is anders en gee my blootstelling aan 'n ander deel van die Universiteit. Ek geniet die verskeidenheid en ook die uitdaging om struktuur te gee aan nuwe idees en planne.

**In my vrye tyd …** werk ek graag in my tuin. Ek hou van selfdoentake in en om die huis, lees, kuier by vriende en leer tans spesialis koekversiering (soos die maak van blomme en figure uit suiker). Ek wil nooit ophou leer nie, of ophou om die wonders en genade rondom my raak te sien en te waardeer nie.



*Foto's: HENNIE RUDMAN*

# 'Lucky, the Hero' wins awards

The Educational Theatre Company of the Africa Centre for HIV and Aids Management at SU has won an award for Outstanding Ensemble at the WorldFest 2014 in America.

Their play, *Lucky, the Hero!*, a simple yet powerful story, also won an award for Outstanding Theatre for Social Change.

Theatre companies from 13 countries participated in the international theatre festival sponsored by the American Association of Community Theatre (AACT). It was held in June in Venice, Florida.

The AACT presents networking opportunities, resources and support to the community theatre industry. More than 7000 American theatres belong to the AACT.

The Aids Centre's community mobilisation programme is led by the well-known singer Prof Jimmy Earl Perry, UNAIDS' first national goodwill ambassador in South Africa. Through educational theatre, this programme aims to create awareness of HIV and Aids. The musical, *Lucky, the Hero!*, is about a man called Lucky who reluctantly gets tested for HIV and is then shunned when friends learn he is positive, even though they continue their irresponsible ways. He responds by turning himself into an activist who becomes a superhero.



*The award the Africa Centre for HIV and Aids Management won in the USA for their educational theatre production* Lucky, the Hero!.

More than 200000 people over the past five years have seen *Lucky, the Hero!*. Of the 200000 more than 70% now know their HIV status after taking tests after the performances. The play was initially aimed at farmworkers in the Western Cape, but the focus has since been expanded to include the private and public sector in South Africa and Namibia.

"It has been a great desire as an American myself to showcase our work in the USA in order to show how South Africa and the Africa Centre is making a difference in the eradication of new HIV infections," says Perry.

# BEO wen gesogte toekenning 'n vierde keer

Die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) is by 'n geleentheid in Sandton, Johannesburg, as die land se voorste ekonomiese vooruitskatter vir 2013 aangewys.

Dit is die vierde keer dat die BEO die gesogte Thomson Reuters Ekonoom van die Jaar-toekenning ontvang. Die vorige kere was in 2002, 2007 en 2008. Die nuusdiens Thomson Reuters vra elke maand vir nagenoeg 25 van Suid-Afrika se voorste ekonome om kwartaallikse vooruitskattings vir 'n reeks ekonomiese veranderlikes te doen.

Die ekonoom of instelling wat vir 'n spesifieke jaar die naaste aan die werklike syfers vir byvoorbeeld die ruilwaarde van die rand teenoor die VSA-dollar, die repokoers en BBP-groei kom, word as die beste vooruitskatter aangewys. Die kompetisie is in sy 14de jaar.

Hugo Pienaar, 'n senior ekonoom by die BEO, het die toekenning namens die buro ontvang en gesê die prestasie is erkenning vir die harde werk, toewyding en passie van die hele BEO-span.

CONSULT|US
VIR KOMMERVRYE KONFERENSIES • FOR CAREFREE CONFERENCING

CONSULTUS bied 'n omvattende reeks konferensiedienste - van konsep tot voltooiing, met die fokus op diens en aandag aan die fynste besonderhede. As u professionaliteit, doeltreffendheid en gefokusde aandag benodig... gesels met CONSULTUS

CONSULTUS offers a comprehensive range of conference services - from concept to completion, with the focus on service and attention to detail. If professionalism, efficiency and focused attention is needed ... talk to CONSULTUS

A Few satisfied customers | 'n paar tevrede kliënte
Faculty of Medicine and Health Sciences • RSSA (Radiological Society of South Africa) • Stellenbosch University: Centre for Student Counselling and Development, Engineering, Biochemistry • SORSA (Society of Radiographers of South Africa) ICON (Independent Oncology Network) • SASPI (South African Society for Paediatric Imaging) and many more • en vele ander...

@ConsultusSA

saaci

Kontak | Contact: Suné van Rooyen | Tel 021 938 9238 | Email mail@consultus.co.za | www.consultus.co.za



# Nederlandse minister open mini-sokkerveld ter ere van prof Botman

Die Nederlandse minister van buitelandse handel en ontwikkelingsamewerking, Lilianne Ploumen, het op 8 Julie 'n nuwe mini-sokkerveld met sonkragaangedrewe ligte en kunsmatige gras by die Lentelus-sokkersentrum op Stellenbosch geopen.

Die opening is gedoen ter ere van die ontslape Rektor en Visekanselier van die US, prof Russel Botman, wat verlede maand oorlede is. Botman was die dryfkrag agter die ontwikkeling van sokker by die US.

Prof Leopoldt van Huyssteen, waarnemende rektor, het by die opening gesê: "Prof Botman sou vandag in sy noppies gewees het. Hy het geglo in die krag van sport om lewens te verander en was 'n voorstander van die US se sokkerprogram. Een van sy prioriteite was die bemagtiging van vroue, vandat hulle nog jonk is. En omgewingsvolhoubaarheid het na aan sy hart gelê. Al hierdie elemente kom by hierdie sokkerveld byeen."

In haar toespraak het Ploumen gesê sokker bring mense bymekaar en dat die veld die jong mense van Stellenbosch in staat sal stel om hul talente verder te ontwikkel.

Met betrekking tot die spesifieke doelwit om meisies af te rig, het sy gesê dat die wêreld 'n beter plek vir almal word wanneer meisies en vroue bemagtig word.

Die sokkerveld is een van die voordele van die US se sokkerontwikkelingsprogram, wat ten doel het om in die bevordering van sokker in die Stellenbosch-streek te belê.

"Te danke aan die borge van die fasiliteit, PEC Zwolle, wat ons amptelike internasionale sokkervennoot is, die Koninklike Nederlandse Sokkervereniging (KNVB) en Philips, kan ons nou bydra tot die Stellenbosch-gemeenskap en sy droom om mense se lewe deur sokker te verryk," sê Anita Nel, Hoof van Innovus, die Universiteit se interaksie- en innovasiemaatskappy wat aan die spits staan van die sokkerprogram by die Universiteit.

Die 5v5-sokkerveld (5 spelers per span) sal voordeel trek uit die installering van vier sonkragaangedrewe spreiligte, wat beteken die veld kan in die aand ook gebruik word. Daar word beplan om nog vier tot ses van hierdie ligsentrums in die breër Stellenbosch-gemeenskap te installeer.


*Lilianne Ploumen (tweede van regs) saam met van die sokkerspelers.*
*Foto: ADRIAN BAILLIE-STEWART*

# Two SU ecologists among most influential


*Prof Dave Richardson*


*Prof Guy Midgley*

Two SU scientists in the field of invasion biology and global change – Profs Dave Richardson and Guy Midgley – are among the six South African scientists who have been included in the Thomson Reuters list of most influential contemporary researchers in their fields of expertise.

The Thomson Reuters Highly Cited Researchers 2014 list includes the names of 3215 researchers worldwide who are regarded as highly influential in their fields of expertise, based on their work over the period 2002 until 2012.

The other four South African scientists are from the University of Cape Town (Profs William Bond and Nicola Mulder) and the University of the Witwatersrand (Profs Rachel Dewkes and Lyn Wadley).

Richardson is a leading international scholar in the field of invasion biology and currently Director of the DST/NRF Centre of Excellence in Invasion Biology at SU. He has published 307 peer-reviewed articles in scientific journals and books, including chapters in 40 edited books.

According to the Institute of Scientific Information's Web of Knowledge his work has been cited 11230 times.

Midgley is an internationally acknowledged expert in the field of biodiversity and global change science. He has published more than 160 articles and papers, of which four have been in the top academic journals *Nature*, *Science* and *Nature Climate Change*, and his academic work has been cited more than 12000 times.

# Uitgelese professore by US aangewys

Altesaam 33 hoogleraars verbonde aan die US sal voortaan bekendstaan as Uitgelese Professore (in Engels, "Distinguished Professors").

Die name van die professore wat met hierdie toekenning vereer word, is op 'n vergadering van die Senaat bekendgemaak.

Om in aanmerking te kom vir hierdie erkenning moet die kandidate ten minste vyf jaar by die US as professor aangestel wees; deurlopende uitnemende prestasie oor die laaste drie jaar behaal het; internasionale statuur hê; en na gelang van die spesifieke fakulteitskonteks, bewese uitsonderlike prestasie en leierskap in hoëronderwys in navorsing en publikasies, nagraadse studieleiding, leer en onderrig, en gemeenskapsinteraksie gelewer het. Die aanstelling geld vir vyf jaar en heraanstellings kan oorweeg word. Die name van die 33 uitgelese professors kan op die US-webblad (www.sun.ac.za) gevind word.

# Ubuntu: name and spirit of new res

The new senior residence at the Tygerberg campus was recently named Huis Ubuntu House. "Ubuntu means humanity and humanness, and refers to how we are interwoven and how our actions influence others – so we have to ensure that the influence we have on others and the environment is positive and constructive," said Prof Jimmy Volmink, Dean of the Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS), at the official naming.

According to him there is evidence that a name can influence behaviour and he hopes that Huis Ubuntu House will cultivate a sense of community and goodwill among its residents.

"We consider Huis Ubuntu House to be a very suitable name for our senior residence – a res on a campus rich in diversity on all levels, where we put people first and where we create an environment where every student and staff member feels comfortable in every part of their being," said Volmink.

"The name is also inclusive in that it contains all three official languages in the Western Cape Province: Afrikaans, Xhosa and English," he added. The naming process was done through a competition where students could submit proposals through an online survey. A total of 49 proposals, with their accompanying motivations, were submitted, and Huis Ubuntu House was put forward twice.




*Mr Eben Mouton, FMHS Director: Business Management; Mr Pieter Kloppers, Director: Centre for Student Structures and Communities; and FMHS Dean Prof Jimmy Volmink unveil the new name.*

The building of the new residence started in 2012 and students have been living there for the past 18 months. The residence consists of 150 single rooms and also has a recreational area that can accommodate around 200 students.

## SU prof a world champion



*Prof Garrett Slattery with the B2 World Championship Trophy and the Golden Putter Award for the least number of putts during the championships.*

Stellenbosch golfer Garrett Slattery won the B2 world title at the world championships of the International Blind Golf Association in Australia recently.

The B2 sight category is for players who see less at 2m than a fully-sighted person sees at 60m.

More than 50 of the top visually impaired golfers from around the world participated in the championships held at the Nelson Bay Golf Club north of Sydney. Slattery, a professor in Actuarial Science at SU, was guided by his wife Cynthia.

"Players rely heavily on their sighted guides to watch the ball, and assist them with club selection and alignment," he said.

He was also rewarded for having the least number of putts during the championships. The Nelson Bay golf course is a spectacular 27-hole course by the sea with an abundance of wildlife, including kangaroos, wallabies and koalas. The course is cut into the dense bush of a hilly nature reserve with the result that most shots that go more than a few metres off the fairway, invariably land in dense bush.

The only other South African who participated in the world championships, Leon Strydom, gave a steady performance before finishing in the tenth position in the B3 sight category.

## US Koor wen **drie eerstepryse**

Toe die Stellenbosch Universiteitskoor oor die naweek van 11 Julie die kategorie vir geestelike musiek ("spiritual") wen met die hoogste puntetelling (98,38%) wat nog ooit by die Wêreldkorspele toegewys is, was hulle in die wolke.

Min het hulle geweet dat hulle kort daarna hul eie rekord sou verbeter toe hulle die kategorie vir gemengde kore met 'n puntetelling van 99% oorheers het. Hulle het ook die derde kategorie waaraan hulle deelgeneem het, Musica Sacra (gewyde musiek), gewen met 'n puntetelling van 95,63%.

Die US Koor het deelgeneem aan Interkultur se jaarlikse Wêreldkorespele wat in Riga, die hoofstad van Letland, gehou is. In die afdeling vir gemengde kore het die US Koor onder meer "Dixit in corde suo" van die Hongaarse komponis Levente Gyöngyösi gesing. Volgens Wilmie Kritzinger, koorbestuurder, was dié komponis een van die beoordelaars en het hy die koor 10/10 gegee. Die US Koor, onder leiding van André van der Merwe, het hul optredes aan wyle prof Russel Botman opgedra wat op 28 Junie oorlede is.



# Hayman Russel Botman

## † 1953–2014

First appointed in 2007 as Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University (SU), Prof Hayman Russel Botman was reappointed for another five years in 2012. At the time of his death on 28 June 2014, he was also Senior Vice-President of the Association of African Universities, Chairperson of World Design Capital Cape Town 2014, and a director of Higher Education South Africa and Media24. He was also a former executive chairperson of the Ecumenical Foundation of Southern Africa and founder of the Beyers Naudé Centre for Public Theology.

He graduated from the University of the Western Cape (UWC) having obtained the degrees BA, BTh, BTh Licentiate, MTh (cum laude) and DTh. As a member of UWC's student representative council in 1976, the year of the Soweto uprising, he led his fellow students in protests against apartheid.

*Botman devoted his time as Rector and Vice-Chancellor to the realisation of SU's commitment to redress and to development.*

He played a key role in the founding of the Uniting Reformed Church of Southern Africa (URCSA), and to the end remained a staunch proponent of church unity within the Dutch Reformed Church family.

In 1994 Botman's academic career started as a senior lecturer in practical theology at UWC, whereafter he joined SU in 2000 as professor in missiology, ecumenism and public theology, and became SU's first black Rector and Vice-Chancellor in 2007.

From 2003 to 2007 he also served as President of the South African Council of Churches. In the course of his career he published widely on human rights, reconciliation, human dignity, social justice and the Belhar Confession.

Botman devoted his time as Rector and Vice-Chancellor to the realisation of SU's commitment to redress and to development. He launched the University's HOPE Project in 2010, a ground-breaking science-for-society initiative. In 2013, he guided SU to the adoption of its new Vision 2030, with the aim of establishing a more inclusive, innovative and future-focused university – an institution that nurtures thought leaders.




*Prof Russel Botman launched SU's science-for-society initiative, the HOPE Project, in 2010.* Photo: WERNER ROUX

Botman is survived by his wife, Beryl; his children, Hayman, Lizelle, Ilse and Roxanne; daughter-in-law, Blanche; grandchildren, Byron, Jayden and Haylan; sisters Ethne, Phoebe and Grace; and brother, Deon. His first wife, Lizzie, passed away in 1987.

Lewenslyn

1953

*Hayman Russel Botman word op 18 Oktober in Heatherdale (nou Heidedal) in Bloemfontein gebore, die oudste kind van Karel en Mavis Botman. Hy matrikuleer aan Kliptown Senior Sekondêre skool in Johannesburg.*



1982

*Hy word as predikant van die eertydse NG Sendingkerk georden (foto), en dien van 1982 tot 1993 as leraar in die Wynberg-gemeente.*

# 'n Mens vir die toekoms

*Op 28 Junie 2014 sterf 'n aktivis, vredemaker, teoloog, akademikus, denkleier en die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), prof H Russel Botman. PROF NICO KOOPMAN, Dekaan van die Fakulteit Teologie, bring hulde aan sy jare lange vriend en kollega.*

Wat beteken prof Russel Botman vir ons toekoms? Wat is die padkos wat hy ons gegee het vir die reis verder? Wat kan ons saamneem uit dit wat ons by hom geleer het? Ons kan hierdie vraag nie uitputtend beantwoord nie. Ons sal in die jare wat ons uit sy erflating sal put, steeds nuwe en verrassende insigte ontdek. In die onthou van Russel, en in die oorvertel van sy storie, sal ons steeds ontdek hoe sy storie ons informeer en transformeer, inspireer en illumineer, en hoe dit ons vul met vreugde en hoop.

Ek waag dit om intussen enkele padwysers vir die toekoms uit Russel se erflating te beklemtoon. En ek doen dit met die doel dat ons hiermee verder gestimuleer word om ons weergawes van sy storie met mekaar te deel.

Ek en dr Llewellyn Macmaster was klasmaats van Russel se broer, ds Deon Botman. Deon het ons altyd vertel van sy ouboet, wat tydens ons studentejare leraar in die toenmalige NG Sendingkerk Wynberg was. Hy het vertel hoe hard sy broer werk en hoe skitterend hy as student gevaar het. Ons het later ontdek Deon se stellings was nie maar net onrealistiese kleinboet-trots nie.

> *"Ons kan slegs gelukkig voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde toekomsgeleenthede het as die seun van die plaasboer."*
>
> *– Prof H Russel Botman, 11 April 2007*



Ons het Russel oor die jare heen leer ken as een van die beste teoloë wat hierdie land nog opgelewer het. Hy is later in sy lewe op verskeie maniere vereer vir sy akademiese arbeid. Die Princeton Theological Seminary in die VSA het hom vereer met die Abraham Kuyper-prys vir gereformeerde teologie en die openbare lewe. Hope College in die VSA het hom vereer met 'n eredoktorsgraad in die teologie, en onlangs het die Universiteit van Aberdeen in Skotland hom vereer met 'n eredoktorsgraad in die regte.

Russel het akademies uitgestyg omdat hy so hard en toegewyd gearbei het. Sy werk-etiek het neerslag gevind in die amptelike beleidsdokument van die US, die Institusionele Voorneme en Strategie (IVS), wat onder sy leiding opgestel is. Die handhawing van die US se momentum van akademiese uitnemendheid was vir hom die hart van die IVS. Sy gesonde werk-etiek het sy strewe gevoed dat die US nie net na internasionale erkenning moet streef nie, maar dat ons leer en onderrig, navorsing en innovasie, gemeenskapsinteraksie en akademiese steun-praktyke internasionaal 'n impak moet maak. Alle studente en alle personeellede van alle personeelkategorieë moet, volgens Russel Botman, denkleiers wees wat 'n positief impak op hul omgewings maak.

Benewens sy gesonde werk-etiek is nog 'n stukkie padkos wat ons saamneem Russel se soeke na geregtigheid. Geregtigheid geskied onder meer waar daar toegang is tot gehalte-opleiding vir verdienstelike studente van alle agtergronde, en waar 'n etos van inklusiwiteit beoefen word wat nie weer tot nuwe uitsluitings lei nie.

Lewenslyn

1994

*Botman word as senior lektor in praktiese teologie by die UWK aangestel, en in 1999 word hy tot medeprofessor en Dekaan van die Fakulteit Godsdiens en Teologie bevorder.*



2000

*Hy sluit by die US aan as professor in praktiese teologie en missiologie, en vervul 'n leidende rol in die vestiging van die VGKSA se teologiese opleiding aan die US (foto). In 2002 word hy Viserektor: Onderrig.*



Na afloop van Russel se begrafnisdiens verduidelik die prediker tydens die diens en sekretaris-generaal van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke, dr Setri Nyomi, aan prof Jonathan Jansen, Rektor van die Universiteit van die Vrystaat, hoe ferm die saghartige Russel Botman was wanneer suidelike kerke en noordelike kerke op wêreldverhoë moes besin oor ekonomiese geregtigheid in die wêreld. Hy kon praat met die teer hart van die priester en die ferm tong van die profeet. Juis daarom kon Russel Botman daarin slaag om geregtigheid na te jaag op 'n wyse wat nie mense van mekaar vervreem nie. Hy het versoenende, omarmende geregtigheid beoefen.

> *"Russel kon so sterk oor hoop praat, omdat hy mense so baie lief gehad het. Waar daar liefde is, groei daar hoop."*
>
> *– Prof Elna Mouton*

Ons kan ook sy insig in die kompleksiteit van uitdagings uit sy boek neem. Hy was 'n sterk ondersteuner van sy US-kollegas se navorsing oor kompleksiteit. Hy het geweet in komplekse situasies, in situasies waar mense wat eens van mekaar vervreemd was sáám vorentoe moet beur, die vind van moreel aanvaarbare kompromieë onvermydelik is.

Hy het hedendaagse Suid-Afrika 'n kompromis genoem. Russel se insig in kompleksiteit en die vaardigheid waarmee hy in verskeie grens-situasies, tussen-in-situasies, saam-situasies, kon funksioneer, het hom 'n kosbare denkleier en hermeneut gemaak. As sodanig kon hy ons help om sin te maak van skynbaar onoorsigtelike situasies.

Een van sy voormalige studente, prof Rothney Tshaka van UNISA, noem dat Russel een van die moeilikste take denkbaar op hom geneem het, naamlik om 'n saam-mens te wees; om saam met andere oor grense heen te soek na eenheid, versoening en geregtigheid.

Die voormalige teologie-dekaan, prof Elna Mouton, was een van die laaste mense wat Russel se graf verlaat het nadat hy ter ruste gelê is. Met diepe bewoënheid sê sy: "Russel kon so sterk oor hoop praat, omdat hy mense so baie lief gehad het. Waar daar liefde is, groei daar hoop." En dalk kan ons byvoeg, waar daar liefde is, groei daar geloof wat nie net roepingsbewustheid skep nie, maar ook ruimte vir mense met ander oortuigings. Dit is juis opvallend hoe sekulêre denkers in hul hulde aan Russel die inklusiewe geloof wat ten grondslag van sy oortuigings lê, met waardering vermeld het.

Die promotor van Russel se magister- en doktorale studies, uitgelese professor Dirkie Smit, reageer só op sy doodstyding: "Ons sal Russel baie meer mis as wat ons ooit kan dink."

Ons sal hom mis. Ons sal hom onthou. Ons sal hom eer. Ons sal sy informerende, transformerende, inspirerende, illuminerende en vreugdebringende, hoopbringende stories bly vertel en probeer leef.



*Prof Russel Botman se weduwee, Beryl, het sy eredoktorsgraad in die regte, wat postuum aan hom toegeken is, by die Universiteit van Aberdeen, Skotland, in ontvangs geneem.*

## Huldeblyke

"Prof Russel Botman was one of the pioneers of transformation in higher education in South Africa. Our country has lost one of its leading lights." *– President Jacob Zuma*

"The Mayor/Rector's Forum was responsible for mapping a path of transformation, development and a better life for all in Stellenbosch. We say goodbye to a theologian and community leader whose caring extended well beyond the borders of the country." *– Stellenbosch Mayor Conrad Sidego*

"He showed special concern for poor and disadvantaged students, creating an enabling environment for them to succeed. His contribution, especially within the ecumenical movement, will be remembered and hopefully recorded." *– Archbishop Thabo Makgoba, Anglican Church of Southern Africa*

"Hy was 'n persoon met onkreukbare integriteit wat hom altyd vir sy medemens opgeoffer het. Hy het sy diep geloof daagliks uitgeleef. Die US en Suid-Afrika het 'n mens van groot waarde verloor." *– Dr Johann Rupert, US Kanselier*

"Ons Rektor en Visekanselier was 'n ware leier in die mees omvattende sin van die woord en 'n groot inspirasie vir elke student. Sy integriteit en liefde vir sy medemens was deurgaans sigbaar. Hy sal vir altyd in ons gedagtes bly: 'n ongelooflike voorbeeld van 'n leier wat hom beywer het vir inklusiwiteit in Stellenbosch én die ganse Suid-Afrika. *– Studenteraad 2013/2014*

Lewenslyn

2007

*Botman se historiese aanstelling as die US se eerste swart Rektor en Visekanselier (foto). Die titel van sy inhuldigingstoespraak is " 'n Multikulturele universiteit met 'n pedagogie van hoop in Afrika."*



2010

*Hy stuur die US se HOOP Projek van stapel, waardeur die Universiteit sy kennis en navorsing inspan vir ontwikkeling in die samelewing.*

# Serving SU

*On Wednesday, 25 June, Prof H Russel Botman delivered his last speech as SU's Rector and Vice-Chancellor when he awarded the Solomon Mahlangu Scholarships at STIAS.*

Seventeen Stellenbosch University students will benefiting from a grant of nearly R1,5 million by the Solomon Mahlangu Scholarship Fund, an initiative of the National Youth Development Agency (NYDA).

The fund provides financial support to young people for full-time degrees in courses that fall within the priority growth sectors and critical and scarce skills areas as outlined in the labour planning frameworks of the country. In awarding the scholarships, Prof H Russel Botman said that young people are the section of society that should be prioritised in education.

"Higher education is not just a private good; it is also a public good. University graduates contribute to the welfare of society in a variety of ways generally, by being critical thinkers and engaged citizens – and specifically, through their work as professionals in such crucial sectors as Agriculture and Health. That is why we welcome the NYDA's focus on these sectors through its grant to Stellenbosch University.

"For national development goals to be met, Agriculture and Health and all other sectors have to be placed on a solid footing. And one of the best ways of doing that is through higher education. We need to empower practitioners and researchers to be thought-leaders for the future."




*Four of the Solomon Mahlangu Scholarship Fund recipients, Chante Clarke, Innocentia Mphago, Linda Dlova and Athi Belem, with Prof H Russel Botman, and Prof Danie Brink, Acting Dean of SU's Faculty of AgriSciences (right).* Photo: JUSTIN ALBERTS



*Prof Botman is op 5 Julie vanuit die US se DF Malan-gedenksaal by Coetzenburg begrawe.* Foto: ANTON JORDAAN



*Die US se vlag hang halfstok ná die dood van Prof Botman, terwyl beamptes van Kampussekuriteit 'n erewag vorm.* Foto: STEFAN ELS

Lewenslyn

2013

*Die Universiteit aanvaar onder sy leiding 'n nuwe Visie 2030, wat daarop gemik is om die instelling meer inklusief, innoverend en toekomsgerig te maak. In April ontvang hy die Abraham Kuyper-prys van die Princeton Theological Seminary in die VSA.*



2014

*Hy ontvang 'n eredoktorsgraad van Hope College in die VSA vir leierskap in die hoëronderwys en die gereformeerde kerk (foto). Die Universiteit van Aberdeen in Skotland ken op 8 Julie postuum 'n eredoktorsgraad aan hom toe, wat sy vrou, Beryl, in ontvangs neem.*



# Spreading Madiba Magic

***Stellenbosch University's staff members were out in full force on Mandela Day, 18 July, participating in a number of activities to honour former president Nelson Mandela's legacy and making a difference in their communities. Here are some pictures.***



*Staff members at SU's Human Resources Division made their way to the Steinthal Children's Home on 18 July where they donated computers, matrasses, bathroom tiles, disposable nappies, sanitary towels and sweets for the children. Each child also received a toiletry pack consisting of toothpaste, a toothbrush, soap and a wash cloth.*



*Staff at the Desmond Tutu TB centre show off their "no-sew" fleece blankets that were donated to the Children's TB Ward at the Brooklyn Chest Hospital.*



*ABOVE: A group of staff members from SU's Finance Division were hard at work making sandwiches for those less fortunate. The sandwiches were delivered to the Stellenbosch Night Shelter and handed out in town.* Photo: HENNIE RUDMAN

*RIGHT: MFM 92.6 staff dedicated their time on Mandela day to collecting clothing for the Stellenbosch Hospice. They started collecting clothing on Friday, 18 July at around 09:00 in the Eikestad Mall with the expectation of donating 670 items of clothing instead of only doing something good for 67 minutes. The help they received from the community was so big, that by 18:00 they had collected just over 1 300 items of clothing. Here are Jeanne Meyer, Liezl Fourie and Bhoteke Mbombi with the clothing that was collected.*



*ABOVE: Some staff members of SU's Alumni Office and the South African Centre for Epidemiological Modelling and Analysis (SACEMA) spent their 67 minutes for Madiba at the Stellenbosch Youth Outreach. They sanded and painted beds and cupboards in the boys' dormitories and kitchen. Here are Ms Bev Witten, Senior Director: Alumni Relations, and Prof Alex Welte, Director: SACEMA, hard at work.* Photo: PIA NÄNNY



# Music students receive generous donations



*SU music student Lee-Roy Simpson received a trombone from America, arranged by New York trombonist Weston Sprott.*

The Department of Music has received two valuable trombones through the Stellenbosch International Chamber Music Festival (SICMF), which was held from 4 to 13 July at SU's Conservatoire.

Also, the festival awarded a R40 000 overseas bursary, as well as a voucher for sheet music to two deserving students respectively.

The American trombonist Weston Sprott, a member of the Metropolitan Opera Orchestra in New York, has facilitated the donation of two trombones to the Music Department. The trombones were respectively donated by friends of Sprott – Otis Lockhart from Detroit, and Steve Dillon of Dillon Music in New Jersey.

One of the trombones was given to a talented student, Lee-Roy Simpson, while the other will be used by students of the Music Department's Certificate Programme, an outreach project through which the Department teaches music theory and provides practical training to community members across the Western Cape.

Sprott says he has told friends about the SICMF and the students who are so eager to learn. "People can feel your enthusiasm and want to be part of it. I spoke to Otis and told him about my trip to Stellenbosch, and he suddenly said he has an instrument which he'd like to donate.

"Strangely enough, a few weeks later I spoke to Steve Dillon, who asked me what I was doing for the summer holiday. I told him about the SICMF and Otis's donation, and Steve decided to also donate a trombone.

"So this year I came to Stellenbosch with three trombones, including my own," says Sprott.

Lee-Roy says: "It is amazing to receive such a wonderful gift; I am very thankful. This is a great instrument – the BMW of trombones. I'm also grateful that I could learn such a lot from Weston in our coaching sessions."

- Following on last year's 10x10 Bursaries – which enabled 10 music students to "job shadow" 10 international faculty members for 10 days as part of the 10th festival celebrations – the SICMF decided to award yet another bursary. Trumpet student Alexander Urban from Pretoria received this bursary to spend 11 days with trumpeter Billy Rae Hunter of the Metropolitan Opera Orchestra.
- Local music company, All Music, has given a voucher of more than R1 300 to Felicia Salies, a violin student at SU, for being "an enthusiastic, dedicated and hardworking student".



## Lunch-time

If you are really hungry and your boss does not mind you taking an extended lunch-hour, be sure to try out Manouche in Andringa Street.

The restaurant is a bit small, but there is space to sit inside as well as outside – giving it a trendy street café vibe. The service is a bit slow, but they serve delicious Lebanese cuisine and portion sizes are more than generous – in fact, you'll probably go back to the office with a doggy bag in hand.

You can see the Lebanese chef in action from the open kitchen as he prepares dishes like Chicken Tayyor (chicken breast stuffed with feta, spinach, garlic and wrapped in bacon), Kibbeh Lobin (a traditional Lebanese meat dish), as well as a variety of Lebanese sandwiches.

If you have a sweet tooth, why not try the Choco Manouche Platter or the Cake of Day.



*This month, music lovers are in for a treat as the world famous violinist Pinchas Zukerman visits Stellenbosch to perform in SU's Endler Hall. Also, read Law Professor Juanita Pienaar's interesting book on land reform, or set off to town for lunch at Manouche in Andringa Street.*



## Luister

Die Endler-konsertreeks bied hierdie maand twee besonderse konserte met die wêreldberoemde en legendariese violis Pinchas Zukerman aan.

Zukerman word vergesel van sy vrou, Amanda Forsyth, 'n toonaangewende tjellis van Kanada.

Die 65-jarige Zukerman is in Tel Aviv, Israel, gebore en het reeds op vierjarige ouderdom begin musiek maak. Sy internasionale roem oor vele dekades strek ook tot die dirigeerpodium. Benewens sy roemryke loopbaan as begaafde violis, tree hy ook reeds sedert 1970 as 'n dirigent op.

Musiekliefhebbers het 'n keuse van twee konsertprogramme waarin hulle vir Zukerman as solis en dirigent kan beleef.

Op 19 Augustus sal Zukerman en Forsyth se program Vivaldi se Dubbelkonsert, Boccherini se Tjellokonsert en Mozart se Vioolkonsert No.5 in A majeur K219 saam met die SAMA-bekroonde Stellenbosch Camerata insluit.

Die Camerata is hoog aangeprys vir hul ondersteuning van Joshua Bell in 2012. Hul optrede met Zukerman en Forsyth is in die Endlersaal om 20:00.

Op 22 en 23 Augustus om 20:00 sal die duo Malcolm Forsyth se *Electra Rising* vir tjello en orkes uitvoer, asook Bruch se beroemde Vioolkonsert saam met die Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes (USSO).

Zukerman sal met *Electra Rising* as dirigent optree en as solis verskyn in die Bruch-werk, met Corvin Matei, Musiekdirekteur van die orkes, as dirigent.

Malcolm Forsyth (1936-2011) is in Pietermaritzburg gebore en is as Kanadese burger as komponis van die jaar in 1989 bekroon en in 2003 as Lid van die Orde van Kanada benoem.

*Electra Rising* is 'n komplekse en pragtige werk wat die volle omvang van die tjello ontgin. Hierdie optredes is as't ware 'n "tuiskoms" vir die internasionaal bekroonde komponis.

Kaartjies is by Computicket of by Leon van Zyl te kry: leonvanzyl@sun.ac.za / 021 808 2358.

## Read

What exactly is land reform and why do we need it? Have developments since 1994 resulted in an effective and sustainable land reform programme? Should we continue with land reform, albeit in a different format?

These are just some of the questions Prof Juanita Pienaar of the Faculty of Law at SU tries to address in her new book launched recently.

Titled *Land Reform* (Juta), the publication analyses the most important legislative measures, policy documents and case law dealing with land reform within a property law context.


Quite comprehensive in its scope, the book covers all legal developments spanning the exploratory land reform programme embarked upon in 1991, followed by the all-encompassing land reform programme that coincided with the constitutional dispensation, until December 2013.

As to why a legal analysis of land reform is important, Pienaar says the land reform programme is embedded in the property clause in Section 25 of the Constitution.

"This means that, ultimately, the transformational thrust of the property clause and how it has manifested in the land reform programme has to be considered as well. Keeping in mind the constitutional imperative to effect reform, including land reform, and highlighting the underlying considerations of justice, development and sustainability, it is clear that conducting effective land reform is a huge task that entails great responsibility."

*Land Reform* is the fifth volume in Juta's *South African Property Law Library* series, which reassesses all aspects of South African property law in order to establish how it was influenced by Apartheid, how it responds to the new constitutional dispensation (including land reform), and whether it could help transform South African law and society.

The *Juta's South African Property Law Library* series is the initiative of




Prof André van der Walt, holder of the South African Research Chair in Property Law hosted by SU's Faculty of Law.

# Hoe gesond is jy?

*Weet jy werklik hoe gesond jy leef? Wel, min van ons weet regtig. So gaan loer dié maand in by die Welwees-Opedag om uit te vind hoe fiks jy is en hoe gesond jy leef.*

Daar is geen twyfel dat ons almal 'n gesonde leefstyl wil handhaaf nie. Maar ons kry dit nie altyd reg nie.

Jou pogings tot 'n oefenroetine word in die wiele gery deur werk en familiesake, en omdat jy so min tyd in jou dag het, eet jy net wat voorkom. Ons moderne leefstyl veroorsaak dat ons dikwels onfiks is en so ongesond eet – en dít stel ons lewe in gevaar.

Dalk is dit tyd dat jy uitvind hoe gesond jy werklik is, sodat jy ingeligte besluite oor jou gesondheid en leefstyl kan maak. En dis presies waarom US Welwees jaarliks 'n Opedag hou waartydens personeel die nodige toetse kan doen om hul welstandstatus te bepaal.

Vanjaar word dié geleentheid vir die sesde keer aangebied. Volgens Maureen Kennedy, Hoof: Personeel Welwees, is die aktiwiteite op die Opedag vanjaar uitgebrei.

"Personeel kan vanjaar meer toetse rakende gesondheid en fiksheid doen, en daarby is 'n paar prettige aktiwiteite ingesluit. Ons poog om dit 'n *wow*-ervaring te maak," sê sy.

Op die Opedag sal daar gesondheidsassessering wees, wat insluit toetse vir bloeddruk, bloedsuikervlak, cholesterol en BMI. Jy kan ook 'n leefstylvraelys voltooi waarvolgens jou "vitality"-ouderdom bereken kan word.

Addisionele toetse soos die bepaling van jou bloedgroep en 'n basiese oogtoets kan ook gedoen word.

## Sones


'n Nuwigheid vanjaar is dat daar spesifieke sones sal wees waar jy gepamperlang kan word, alles kan uitvind oor jou fiksheidsvlak, raad kan kry oor fiksheid, en vele meer.

Daar is onder meer 'n "Smoothy-fiets" waarmee jy 'n gesondheidsdrankie kan maak terwyl jy fiets trap, asook 'n Zumba-demonstrasie en masseringsessies. Om meer bewustheid oor gesondheid aan te wakker, kan jy by die inligtingsone brosjures kry wat al jou kwelvrae oor gesondheid beantwoord. Daar sal ook gelukkige trekkings en krapkaarte vir pryse wees.

## Datums

Die Opedag word tussen 25 Augustus en 1 September op die verskillende US-kampusse gehou. Die datums vir elk is:

25 Augustus: Tygerberg-kampus
26 & 27 Augustus: Neelsie-studentesentrum
28 & 29 Augustus: Fakulteite van Opvoedkunde en Teologie onderskeidelik
1 September: Bellville Park-kampus



## Raak fiks

Die US se gimnasium by Coetzenburg bied wêreldklas-fasiliteite en -dienste – nie net aan professionele atlete en sportlui nie, maar ook aan studente, US-personeel en die publiek.

"Die gimnasium hou ook tred met die nuutste sportneigings," sê Francois Kotzé, Hoof: Fiksheid en Welwees by die gimnasium.

"Ons het sopas 'n kontrak met 'n CrossFit-maatskappy geteken. Diegene wat dus in 'n holistiese, hoë-intensiteit-oefenbenadering belangstel, kan 'n CrossFit-oefenprogram volg. Daar is ses verskillende sale waar verskeie klasse aangebied word, en ons maak ook seker dat ons die nuutste programme en fasiliteite bied om 'n groot groep mense met 'n wye verskeidenheid fiksheidsbehoeftes te bedien."

Volgens Kotzé gaan die binnekant van die gimnasium binnekort uitgeverf word met nuwe, vars kleure, én hulle wil op die lang termyn in toerusting belê. "Ons beplan om die bestaande toerusting mettertyd te vervang, en die plan is om by te bly met van die nuutste beskikbare toerusting sodat ons lede hul oefentyd optimaal kan benut," sê hy.





# Samantha se wêreld

*Samantha Walbrugh-Parsadh het pas haar eerste 100 dae as Hoof: Internasionale Betrekkinge by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) afgehandel. PIA NÄNNY het met haar gesels oor haar passie vir internasionale hoëronderwys, haar lang verhouding met die US en haar plesier wanneer oudstudente haar vir koffie nooi.*

Ek noem Samantha Walbrugh-Parsadh die "visum-koningin". Met netwerke wat sy oor jare opgebou het, geduld en deursettingsvermoë kan sy wondere verrig om akademici of studente se reëlings te vergemaklik wanneer hulle oorsee moet reis.

Sy is al sedert 1990 ononderbroke by die US betrokke – eers as student wat 'n BA-, Honneurs- en Meestersgraad aan die US verwerf het en ook diens gedoen het as 'n studenteraadslid, en toe as 'n werknemer van onder meer die destydse Afdeling vir Bemarking en Kommunikasie, die Internasionale Kantoor, Kantoor van die Rektor, asook die Afdeling Institusionele Bevordering.

"Ek is al deel van die US se DNS. Ek het baie gesien en beleef," sê sy.



*Samantha Walbrugh-Parsadh (links) saam met twee internasionale studente, Konstantin Timm en Sarah Gross, tydens 'n besoek aan die Stellenbosch-kampus.* Foto: HENNIE RUDMAN

Sy het self ook die kans gehad om oorsee te studeer toe sy 'n Rotariër-ambassadeursbeurs ontvang het en 'n jaar in Salzburg, Oostenryk, gespandeer het.

Walbrugh-Parsadh se tien jaar by die US se Internasionale kantoor het haar goed voorberei vir die taak wat sy nou moet uitvoer. Destyds was sy onder meer oorhoofs verantwoordelik vir uitruilooreenkomste en die bestuur van korttermynprogramme. En sy geniet dit wanneer internasionale studente wat vyf of tien jaar gelede 'n semester op Stellenbosch spandeer het, by haar inloer.

Van die sentimentele items wat saam met haar USB toe getrek het, is foto's van hierdie studente en boeke en geskenkies wat mense gebring het. Dit pryk nou in haar nuwe kantoor waar sy aan nuwe uitdagings werk, soos die USB se internasionaliseringstrategie, programme vir inkomende en uitgaande uitruilstudente, spesifieke leerprogramme vir internasionale bestuurskole, onderhandelings rakende USB-uitruilooreenkomste, en die ontvangs van buitelandse besoekers en akademici.

Sy het al die vaardighede om hierdie take te verrig en moet dit nou net vir 'n nuwe konteks aanpas.

"Jy moet baie balle gelyktydig in die lug kan hou," sê sy. "Jy moet in staat wees om netwerke te bou, om nuwe geleenthede te identifiseer en te ontgin, en jy moet 'n begrip van internasionale hoëronderwys hê."

Tydens 'n onlangse oorsese besoek het sy bespeur daar bestaan internasionaal 'n baie positiewe ingesteldheid teenoor die US en USB. Sy glo die ontslape US-rektor, prof Russel Botman, met wie sy nou saamgewerk het, het baie gedoen om die Universiteit se beeld na buite te verander.

"Hy het 'n nalatenskap om op trots te wees."

In haar eerste drie maande by die USB was haar grootste uitdaging om die Bestuurskool, sy mense en sy kwessies te leer ken. "Ek wou verstaan wat is die diens wat my kantoor tans lewer, wat elke personeellid doen, wat is hul sterkpunte en ontwikkelingsareas."

Sy geniet die nuwe uitdaging baie.

"Dis 'n wonderlike geleentheid en uitdaging om te sien hoe ons dinge anders en beter kan doen terwyl ons steeds die goeie behou. Dis lekker om terug in internasionale hoëronderwys te wees, iets waaroor ek passievol is."

Sy sien uit na die USB se nuwe direkteur, prof Piet Naudé, se koms in September en die leierskap en energie wat hy gaan bring. Die bestuurskool vier dan ook sy 50ste bestaansjaar. Intussen lê die USB se EQUIS-akkreditasie vandeesmaand voor, en internasionalisering is een van die aspekte waarvolgens die USB geëvalueer sal word.

Die afstand tussen Stellenbosch en Bellville is – letterlik en figuurlik – iets waaraan Walbrugh-Parsadh gou moes gewoond raak. "Ek sou graag wou sien dat die Universiteit se kampusse nouer saamwerk."

En omdat sy op Stellenbosch woon, spandeer sy deesdae baie meer tyd in haar motor om van hier tot Bellville te pendel, maar gebruik haar rytyd as dinktyd. "Terwyl ek bestuur, reflekteer ek oor dit wat voorlê of wat reeds verby is en verwerk die dag voor ek by die huis aankom."



*Proff Ronel du Preez (tweede van links) en Callie Theron van die Departement Bedryfsielkunde in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het albei op Dinsdag 22 Julie hul intreeredes gelewer. Die titel van Du Preez se aanbieding was "Teachings from consumer behaviour applicable to Higher Education", terwyl Theron oor "On the importance of being earnest about theorising" gepraat het. Hier is Du Preez en Theron saam met prof Stan du Plessis, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor (Leer en Onderrig).*

Foto: ANTON JORDAAN



*'n Groep leerders van die Babin Pre-primêre Skool in Banhoekweg het in Mei na die JS Gericke-biblioteek gestap om dankie te sê vir die leesboeke wat die biblioteek aan hulle geskenk het. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het die boeke tydens Biblioteekweek in Maart ingesamel in antwoord op 'n Neknominasie wat aan hulle gerig is deur die Nagraadse en Internasionale Kantoor. Die ingesamelde boeke is aan Babin en Rietenbosch Primêr in Cloetesville oorhandig.*




*On Tuesday, 25 April, MFM 92.6 launched the MFM Blanket Drive, a six-week initiative aiming to collect as many blankets as possible to donate to PC Petersen Primary School in Kylemore and the Stellenbosch Night Shelter through public donations. With the help of the community, MFM was able to collect 580 blankets to the total value of R40 600. The blanket distribution started on Friday, 20 June, when MFM donated one blanket to every child in PC Petersen Primary, and continued on Monday, 23 June, when MFM donated blankets worth R6 000 to the Stellenbosch Night Shelter.*

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★
Sincerely Yours
PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007



GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**Furnished Apartments:** Fully furnished and equipped 2-bedroom apartments in the center of town (Neethlingstreet). Walking distance to town, university, etc. Visit our webpage: www.stellenboschapartment.co.za.
Tel: 082 689 8100

### TE KOOP / FOR SALE

Uiteindelik!! 'n Natuurlike produk om ontslae te raak van oortollige gewig, met vinnige resultate en geen newe effekte. "Ek trek nou by 8,7kg af en 3 nommers kleiner. Ek het vandag my laaste pil van die eerste boksie gedrink, so dis nou 30 dae. Ek meet my sommer met my jean; het by no.46 begin, trek nou by no.40. Ek is baie trots op myself!" – 'n tevrede kliënt. E-pos aan alfredacoetzee@gmail.com.

intelligente sagteware

t+27 21 887 3360 • info@carinusstrydom.com • www.carinusstrydom.com

**carinus strydom** het met verloop van tyd, en op grond van **praktiese** ondervinding, sagteware ontwikkel wat finansiële prioriteite (spesifiek vir jong mense), boedelbeplanning en beplanning by aftrede met kontantvloei vooruitskattings, insluit.

skakel **carinus strydom** vir meer inligting oor dié dienste.

www.carinusstrydom.com

carinus strydom
AN APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO 6516